




Squircle – die fantastiese ronde boks

Skrywer: *Edith Kriel*

Kunswerk: *Marita Rademeyer*

Tema: *Wees uniek*

Gepaste ouderdomsgroep: *Alle ouderdomme*



Eendag was daar 'n ronde boks met die naam van Squircle ('n mengsel van "square" en "circle" – wat vierkant en sirkel beteken in Engels) en hy het gebly in Vorm Land. Sien, al die ander bokse in Vorm Land was vierkantig. Maar Squircle was rond so hy het altyd 'n bietjie anders gevoel. Ja hy het 'n bietjie anders gelyk want hy was rond en al die ander was vierkantig. Maar hy het ook baie anders gevoel aan die binnekant. Hy het net nie geweet wat hom so anders maak voel nie!

Die ander bokse het vir Squircle gelag. Hulle het nie met hom gepraat nie, hulle het hom net name genoem en hom nie ingesluit in hulle speletjies nie. Dit het Squircle baie sleg laat voel. Hy het gedink daar moes iets baie erg fout wees met hom.

Squircle het soms heeltemal alleen gesit, weg van al die ander bokse. Maar somtyds het hy baie hard probeer om soos die ander bokse te lyk en op te tree. Eers het hy probeer om sy ronde lyf

soos 'n vierkantige boks te laat lyk. Hy het sy ronde maag soveel as wat hy kan ingetrek en al die lug uit sy ronde wange probeer suig. Wanneer hy dit gedoen het het die ander bokse hom soms laat saamspeel. Maar hy kon nie spring of vinnig hardloop nie want hy moes aanhou sy magie en wange insuig.

Maak nie saak hoe hard hy probeer soos die ander bokse wees nie, Squirrelle het aanhou voel asof hy anders was. Hy het dit gehaat om anders te voel, maar wat kon hy doen?

Een aand toe die ander bokse in Vorm Land vas aan die slaap was, het Squirrelle wawyd wakker gelê. Hy het gekyk na die netjiese rye van vierkante en toe kyk hy na sy ronde lyfie en gee 'n groot sug. Hy kon dit nie meer hou nie en kruip toe uit om te gaan stap in die donker. Hy het gehoop die stappie sal hom moeg maak sodat hy aan die slaap kan raak en van al sy bekommernisse vergeet.

Soos was Squirrelle in die padjie af stap, struikel en val hy oor 'n klip. Hy het stadig opgestaan en die seerplekke op sy lyfie gevryf. Daar was 'n gat in sy bors waar die boks 'n bietjie geskeur het en hy let toe op dat iets baie vreemd is. Daar het 'n kragtige en pragtige lig wat die gat geskyn! Hy het sy hand oor die gat gesit en die lig het dof geraak, maar dit was nogsteeds daar. Toe hy sy hand wegvat, het die lig weer helder geskyn. Dit het eintlik so helder geskyn dat die maan gedink het dat die son opgekom het in Vorm Land.

Squirrelle het baie deurmekaar gevoel. Hy het nog nooit so lig in enige van die ander bokse gesien nie. Hoekom het hy 'n lig in hom gehad? Wat was dit? Hy wou nie gehad het die ander bokse moet dit sien nie, want hulle sou hom net nog meer terg. So dag na dag het hy sy lig weggesteek. Hy het niemand vertel nie en niemand dit laat sien nie. Dit was harde werk om die lig weg te steek en Squirrelle was regtig moeg, maar hy wou nie gehad het enige iemand moes weet van sy spesiale lig nie.

Een aand het al die bokse in Vorm Land geslaap. Dit was 'n baie donker nag en die maan was nêrens te vind nie. 'n Klein bababoks het wakker geword. Sy kon nie sien in die donker nie en kon nie haar Mamma Boks vind nie en toe begin sy huil. Squirrelle het die gehuilery gehoor en het oorgestap om die babatjie te sus, maar niks wat hy sê het die baba beter laat voel nie en sy het net harder begin huil.

Squirrelle was nie seker wat om te doen nie. Toe kry hy 'n idee: "Miskien sal die baba ophou huil as ek my lig skyn". Hy het stadig die hand wat die lig bedek, weggevat. Die baba boks het stiller geraak en haar hand uitgestrek om aan die lig te vat. Binnekort het sy gelukkige geluidjies begin maak. Terwyl Squirrelle sy lig skyn, merk hy nie op dat 'n paar van die ander bokse kom kyk het hoekom die baba so gehuil het nie. Hulle het gesien wat hy doen. Sodra hy agterkom dat hulle daar was, probeer hy vinnig weer sy lig bedek. Maar dit was te laat! Al die bokse het sy lig gesien. Squirrelle het skaam en bang gevoel. Hy het gewag vir die ander bokse om hom te begin terg...

Toe gebeur iets vreemds! Een boks loop vorentoe en sê: "Jou lig is wonderlik, Squirrelle!". 'n Ander boks sê: "Jou lig kan ons help wanneer dit baie donker is". Squirrelle was verbaas dat die



ander bokse hom nie terg nie. Hulle kon sien dat hy 'n baie spesiale talent het en hy was die enigste boks in Vorm Land met 'n lig!

Wanneer jy nou Vorm Land toe gaan kan jy al die wonderlike dinge sien wat Squirrelle doen. Hy skyn sy lig wanneer die maan moeg is. Hy is die lig wanneer die ander bokse wil toneelspeel. Hy maak 'n lieflike glans wanneer die jong boksies bang is vir die donker. Op koue winteraande gebruik hy sy lig om almal warm te hou.

Maar die mees wonderlikste ding is dat Squirrelle nou verstaan dat dit nie saak maak hoe jy lyk aan die buitekant nie. Dit maak nie saak as jy anders as almal is nie. Wat regtig saakmaak is hoe jy is aan die binnekant. Binne-in is jy al die wonderlike dinge wat jou JY maak. As jy weet en glo dat dit goed is om te wees wie jy is, dan sal jy werklik skyn!

